# SO SÊ DIE REDAKTEUR

VRYDAG 10 NOVEMBER 2017

## HOSPITAAL SONDER KRAG EN KOS

ONTHULLINGS in Pauw se boek oor hoe die president beskerm word teen vervolging weens staatskaping deur die politici en amptenare wat hy aangestel het, laat 'n mens met 'n gevoel van absolute magteloosheid.

Die verdere inligting van die ouditeur-generaal dat R45,6 miljard (voorlopig!) die afgelope jaar op onreelmatige wyse uit die staatskas verdwyn het, is genoeg om burgers van die land in sak en as te laat verval. Dit is selfs as syfers van 'n land se nasionale begroting 'n massa geld wat die meeste van die ergste finansiële tekorte kon ondervang.

In Noord-Kaap ly almal, maar veral die siekes wat nie hul eie siekefonds het nie en op die staat aangewese is vir mediese sorg. Hulle kon verligting kry met 'n kontantinspuiting as die premier maar net hier was en nie besig was om staatsgeld op 'n buitelandse reis uit te gee nie.

Die erg onrusbarende gevoel dat ons owerhede geen gevoel van regverdigheid het wanneer besluit word wat om met die begrote geld te doen nie. Enige verantwoordelike beampte sal vir seker sorg dat die hospitale geld het om hul pasiënte kos te gee en dat hospitale nie skielik in die nag sonder krag sit omdat iemand die geld om diesel vir die kragopwekker te koop vir homself (of alte dikwels haarself) gebruik het.

Of omdat die verantwoordelike beampte by die plaaslike owerheid nie vir Eskom betaal het met die geld wat die dorp se inwoners saam met hul dienstegeld vir elektriese krag betaal het nie. Of die beampte het vir homself 'n bonus betaal met die geld of soos die premier 'n reis oorsee.

Die argeloosheid wat ons hoe lui aan die dag lê wanneer hulle besluit hoe die staat se geld aangewend moet word, slaan 'n mens se asem weg. Maak hulle dan nie somme nie? Of het hulle bloot geen idee hoe die hele besigheid inmekaar steek nie? En skielik is daar R45,6 miljard daarmee heen waarvan nie rekenskap gegee kan word nie.

Die adjunk-president, wat tog ook maar daar sit om na die staat se geld te kyk, sê die enigste instansie wat 'n einde aan die korrupsie en bandelose geldstelery kan maak, is die takke van die ANC! En dis juis hulle wat al daardie korrupte ANC-politici in daardie hoë lonende posisies gekies het!

Die verantwoordelike opbetaalde lede van die ANC daarbuite, wat dalkies ontevrede is omdat pasiënte in hospitale droë brood en water kry om te oorleef, moet mos ander mense op hul besture kies wat sal sorg dat bruikbare politici en amptenare aan bewind van sake kom. Of hoe?

Daardie lede van ANC-besture sal hul sake in rat moet kry of daarmee saam leef om gedurig oor hul skouers te moet kyk en verantwoordelikheid te aanvaar vir die huidige totaal onaanvaarbare situasie in die regering op alle vlakke.

## DIE INGEWIKKELDE VULLISLORRIE

BLIKKE, lee plastiekbottels, veelkleurige winkelsakke, lekkergoed en skyfie plastieksakkies, gebruikte kondome, stukke van ou motors en allerhande onnoembare afval lê oral langs ons dorpe se strate en langs die paaie, selfs grondpaaie. Dit ontsier die hele omgewing en is inderdaad 'n gesondheidsrisiko.

Gewoonlik word die munisipaliteit blameer vir die gemors wat nooit alles opgeruim word nie. Maar dis mos darem nie die klompie munisipale amptenare wat so mors nie. Dis mos almal wat alles wat hulle nie meer wil hê nie eenvoudig net daar in die straat neersmyt.

Tydelike werkers, die met die oranje oorpakke, word sporadies aangewend om skoon te maak en op te ruim maar ongelukkig is die toesig oor die mense nie altyd na wense nie en is die effek van hul skoonmakery dikwels net die rondskuif daarvan na 'n ander plek. Die koördinasie met die amptelike vullisverwyderaars is helaas ook maar gebrekkig en dit vat net 'n paar dae voordat dat alles maar weer in strate rondwaai.

Die moderne vulliswaens met die ingewikkelde masjinerie, wil dit voorkom, is meeste van die tyd onder reparasie en word die vullissakke nie Dinsdagoggende opgetel nie. Wat het van die ou vulliswaens met die trekker vooraan geword wat altyd in 'n goeie orde was?

Dan is daar nog die honde, en in party dorpe die bokke, wat vullisdromme langs die strate omkeer en die inhoud oor 'n wye oppervlakte versprei. Onooglik en ontstellend vir inwoners wat soggens vroeg met hul dagtaak begin. Vullisdromme wat nie vasgebout word nie word omgekeer of sommer gewaai ook.

Die waterweë in ons dorpe is mos maar oop en wanneer daar 'n reëntjie val spoel al daardie onooglike en dikwels onwelriekende opdrifsels teen die kante vas en bly net daar lê want die toesig oor skoonmakers is ook nie wat dit moet wees nie, veral nie by die wat deur hul vakunies beskerm word nie.

Elke inwoner moet self verantwoordelikheid aanvaar vir sy huis en persoon se afvalmateriaal. Kinders moet van kleins af geleer word om hulself en hul omgewing netjies te hou. Inwoners van die townships moet hul nuwe bure wat kom plak ook aanspreek oor hul morsery voordat die hele gemors ons oorweldig.



RADELOSE DANIE PIETERSE SKRYF:

## Het party van ons dan geen trots nie

Mnr. Danie Pieterse van Calvinia skryf: Gedurende die Middeleeue was daar bykans geen behoorlike toepassing van sanitasie en vullis hantering nie. In die wêreld se grootste stede is nagvuil vanuit geboue by die vensters uitgegooi. Vullis tesame met riool het onverstoord opgegaar met ernstige gevolge. Pes en peste was aan die orde van die dag. Soos wat die mensdom ontwikkel het, is hierdie probleme aan bande gelê deur middel van wetgewing en dergelike regulering.

Tans probeer ons in Calvinia funksioneer midde 'n mengsel van Eerste en Derde wêreld standaarde. Beslis is ons darem al verby die Middeleeue.

Calvinia is vuil!

Die dorp is vuil van vullishope wat net onverstoord meer word. Die skuldiges gaan rustig voort met die slegte praktyk asof sy medemens dit maar net met gelatenheid moet aanvaar en daarmee saam moet leef.

Agtee wat Calviniane kom ons wys wat in ons steek, en skuldiges ruim darem net asseblief jul lang opgegaarde vullis op. Het party van ons dan geen trots nie?

Baie dankie aan die inwoners wat gehoor gee aan versoeke en wat reeds vullis opgeruim het. Dankie ook aan die inwoners wat uit radeloosheid ander se erwe en vullis kosteloos opruim. Ook 'n dankie aan soveel huisbewoners en eienaars van besigheidspersele wat elke dag vullis op sypaadjies opruim.

### BESTE AFRIKAANS

MORNE DU TOIT (Gr.1), Liebe van Schalkwyk (Gr.2) en Micke Spangenberg (Gr.3) het tydens Laerskool Calvinia se Grondslagfase Prysuitdeling pryse ontvang vir die beste prestasie in Afrikaans Huistaal vir 2017 in hul onderskeie grade.


### HANTAM MUNISIPALITEIT

(Kennisgewing nr. 114/2017)

**DORPAANLEGSKEMA: VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1227 NIEUWOUDTVILLE**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van die Ruimtelike Beplanning Grondgebruik Bestuur Wet, Wet 16 van 2013, dat Hantam Munisipaliteit van voorneme is om die onderstaande aksies op onroerende eiendom te oorweeg:

1. ERF 1227 PROTEASTRAAT NIEUWOUDTVILLE

1.1 Voorgestelde hersonering

| | |
|---|---|
| 2. Beskrywing van eiendom | Erf 1227 Nieuwoudtville |
| 3. Ligging | Erf 1227 Proteastraat Nieuwoudtville |
| 4. Aansoeker | Linda Meyer |
| 5. Geregistreerde Eienaar | Linda Meyer (Transportakte Nr. T05419/2016) |
| 6. Huidige gebruiksaanwending | Residensieel I |
| 7. Voorgestelde gebruiksaanwending | Residensieel IV (bedryf van gastehuis) |

Nadere besonderhede is verkrygbaar by die kantoor van die Departement Tegniese Dienste (Calvinia kantoor) gedurende normale kantoorure (07:30 tot 13:00 en 14:00 tot 16:15) en besware teen die aansoek, indien enige, moet aldaar by die Hoof Stadsbeplanning en Boubeheer ingedien word om hom voor of op **Vrydag, 1 Desember 2017** te bereik. Indien enige persoon wat kommentaar wil lewer/vertoë wil rig, nie kan skryf nie, kan sodanige persoon gedurende normale kantoorure voor of op **Vrydag, 1 Desember 2017**, by me. R. Lock aanmeld, waar sodanige persoon se kommentaar/vertoë op skrif gestel sal word.

**J.I. Swartz**
*Munisipale Bestuurder*
admin@hantam.gov.za
Tel No 027 341 8500
Faks 027 341 8501

Munisipale Kantore
Privaatsak X14
CALVINIA 8190



### NOTICE OF APPLICATION FOR A PROSPECTING RIGHT

Wingimix (Pty) Ltd has applied for a Prospecting Right to prospect for Copper, Zinc, Lead, Gold, Silver, Diamond (General), Sulphur, Pyrite, Molybdenum, Iron, Niobium, Phosphate, Salt, Rare Earths and Zirconium over a portion of the Remaining Extent of Portion 12 of the Farm T'Kalkams Poort 71, situated in the Prieska District, Northern Cape Province.

The prospecting right application has been compiled and submitted in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (No. 28 of 2002) as amended by Act 49 of 2008 and in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (No. 107 of 1998) as amended. The application has been accepted by the Department of Mineral Resources under DMR reference number: (NC) 30/5/1/1/2/12071 PR.

Consultation will be conducted in terms of Sections 42 to 47 of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 and in terms of Section 16(4) and Regulation 3 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 28 of 2002).

The Basic Assessment Report and Environmental Management Programme Report is available to all registered interested and/or affected parties, upon written request thereof, for perusal and comment.

Any interested and/or affected parties are hereby invited to register as such and any objections or inputs should be lodged, in writing, at the consultant mentioned below, within 30 days of date of this advertisement, for attention to:

M&S Consulting
P.O. Box 2473 Kimberley 8300
Tel: 053 861 1765 Fax: 086 636 0731
E-mail: ms.consulting@vodamail.co.za
Att: Ms. Tanja Jooste


UIT DIE WOORD

## DIEN DIE HERE!

*Dawid het gemaak soos die Here gesê het* 2 Samuel 5:25

Anders as sy voorganger, Saul, het Dawid na die Here geluister. Hy het nie sy eie kop gevolg nie, maar God se wil gesoek wanneer hy moes gaan veg. Dit was sy redding. Gehoorsaamheid aan God betaal altyd! So bêre jy jou lewe by die hemelse bank.

Gehoorsaamheid aan God is 'n leefwyse. Dit begin wanneer jy in die oggend jou hand in God se Vaderhand plaas en Hom vertrou om deur die loop van die dag vir jou die regte pad aan te wys. Gehoorsaamheid word sigbaar wanneer 'n versoeking jou lewenspad kruis en jy die rug daarop draai.

Natuurlik is dit maklik om te steel of te vloek as almal rondom jou dit doen. Maar jy verheerlik God wanneer jy sy pad kies en nie soos al die ander die pad van sonde volg nie. Dan staan jy sterk wanneer God dit van jou vra.

Luister jy elke dag na God se stem? Kan Hy op jou nommer druk in die hitte van die stryd? Staan jy end uit op jou pos? Begin van nou af om 'n steunpilaar in God se ryk te wees. Stap elke dag op God se pad. Kies om sy voltydse verteenwoordiger by jou werk en by jou huis te wees.

Gebed: *Ek loof U, Here, dat U my lei om u wil te doen.* – Stephan Joubert



DIE DRIE VORDER FLUKS BY LSC

HIERDIE leerders het tydens Laerskool Calvinia se Grondslagfase prysuitdeling pryse ontvang vir die beste vordering in hul onderskeie grade. Graad 1: Erik Muller, Graad 2: Jandre van Niekerk, Graad 3: Zuri Lategan.